

ZA. 05 (68)
P '68/58

Pretoriana



TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY
PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Prys : 25c : Price

ONTHULLING VAN GEDENKPLAAT — KYA ROSA

DIE projek van die Genootskap Oud-Pretoria om gedenkplate op historiese terreine of aan historiese geboue in Pretoria aan te bring het op 21 Oktober 1968 nog 'n stap gevorder toe aan die muur van Kya Rosa, Skinnerstraat 271, 'n gedenkplaat met die volgende bewoording onthul is.

OP HIERDIE TERREIN, IN DIE HUIS KYA ROSA, HET DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA OP 10 FEBRUARIE 1908 TOT STAND GEKOM AS DIE „PRETORIA CENTRE OF THE TRANSVAAL UNIVERSITY COLLEGE” MET VIER PROFESSORE EN 32 STUDENTE.

SAAM MET DIE OMLIGGENDE GEBIED WAS DIT OORSPRONKLIK DIE EIENDOM VAN PRESIDENT M. W. PRETORIUS. SEDERT 1860 HET DIT EGTER VERSKEIE KERE VAN EIENAAR VERWISSEL EN IN 1895 IN BESIT GEKOM VAN LEO WEINTHAL WAT DIE HUIS GEBOU EN DIT NA SY VROU VERNOEM HET. IN 1902 HET DIE ERF DIE EIENDOM VAN DIE STAAT GEWORD. NADAT DIE UNIVERSITEITSKOLLEGE DIT IN 1909 ONTRIUM HET, HET DIT TOT 1915 AS STUDENTEKOSHUIS GEDIEN.

(AANGEBRING DEUR DIE GENOOTSAP OUD-PRETORIA, OKTOBER 1968.)

ON THIS SITE, IN THE HOUSE KYA ROSA, ON 10th FEBRUARY, 1908, THE UNIVERSITY OF PRETORIA CAME INTO BEING AS THE “PRETORIA CENTRE OF THE TRANSVAAL UNIVERSITY COLLEGE”, WITH FOUR PROFESSORS AND 32 STUDENTS.

THE PROPERTY, WITH THE SURROUNDING AREA, WAS ORIGINALLY OWNED BY PRESIDENT M. W. PRETORIUS. AFTER 1860, HOWEVER, IT CHANGED HANDS A NUMBER OF TIMES UNTIL, IN 1895, IT WAS ACQUIRED BY LEO WEINTHAL WHO BUILT THE HOUSE AND NAMED IT AFTER HIS WIFE. IN 1902 THE ERF BECAME THE PROPERTY OF THE STATE. WHEN THE UNIVERSITY COLLEGE VACATED IT IN 1909, IT SERVED AS A STUDENTS' HOSTEL UNTIL 1915.

(ERECTED BY THE OLD PRETORIA SOCIETY, OCTOBER, 1968.)

Bostaande woorde is deur prof. C. H. Rautenbach hardop voorgelees nadat hy die onthulling op genoemde datum waargeneem het. Ondanks die reën wat die dag geval het, het die funksie, uitstekend gereël deur die skakelafdeling van die Universiteit van Pretoria, waarvoor ons hartlike dank, heelwat belangstelling uitgelok. Onder andere was daar twee studente uit die jaar 1908 aanwesig, nl. mej. T. Faure en mnr. W. W. Haak. Weens die reënt kon die plegtigheid nie in die ope lug voor die woning plaasvind



nie, maar wel in 'n aangrensende saal. Daar is die volgende program afgehandel:

1. Verwelkoming: Dr. N. A. Coetzee, voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria.
2. Toespraak deur mnr. W. W. Haak (1908 student).
3. Onthullingstoespraak deur prof. C. H. Rautenbach, rektor en onderkanselier van die Universiteit van Pretoria.

Die toesprake van dr. Coetzee en mnr. Haak word elders in hierdie uitgawe opgeneem. Hieronder volg 'n opsomming van die toespraak van die rektor.

Prof. Rautenbach het sy toespraak begin deur sy dank teenoor die Genootskap Oud-Pretoria uit te spreek. „Namens die Universiteit van Pretoria, soos dit vandag is, ons hartlike dank en waardering,” het hy gesê. Hy het ook dank betuig aan mej. Faure, mnr. Haak en hulle tydgenote vir hulle belangstelling en dank aan die Allerhoogste dat hulle vandag nog gespaar is.

Die rektor het as uitgangspunt twee Bybeltekse geneem. Die een was: „Moenie die dag van kleine dinge verag nie.” In 1908 het die T.U.K. met ses dosente begin; verlede jaar was daar 1136 blanke personeellede aan die Universiteit van Pretoria verbonde. In 1908 was daar slegs 32 studente teenoor ongeveer 11,500 vanjaar.

Die ander Bybelteks was: „Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja my erfenis is vir my mooi.” In dié verband het spreker verwys na Andries du Toit wat Pretoria met kettings uitgemeet het, ook die terrein waarop Kya Rosa staan. Namens al die duisende wat erfgename was van



1908 PERSONEEL EN DOSENTE VAN DIE TRANSVAALSE UNIVERSITEITSKOLLEGE, GENEEM VOOR KYA ROSA


Heel agter, v.l.n.r.: Albert Meester, Tom Nesor, Eben Swemmer, F. C. van Wyk, Abram Wagner, Beyers, Boshoff.

Tweede ry: S. Jensen (kaalkop), J. Andrew(s), Gilles de Kock (wit strikdas) G. W. Radloff (grys pak met blom), Paul W. Zorn, Willem W. Haak, Cross, Engela, Koos Bosman, Reginald Voss, Herman Kuschke, Zakkie Taylor (hande sigbaar).

Derde ry: Dosente J. T. Thomas, prof. J. Purves, prof. H. T. Reinink, prof. A. C. Paterson, prof. D. F. du T. Malherbe, G. Besselaar; Studente Roos en Spenceley (?).

Voor: Mejj. T. Faure, S. Faul, James (?), Robertson (?), Read (?), Inman, V. Kincaide, E. Keith, C. Phillips.

(Op die foto kom enkele vraagtekens voor. Dit sal waardeer word as van ons lesers sommige van die ontbrekende gegewens kan verstrek.)



Gedenkplaat Kya Rosa met dr. N. A. Coetzee, voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria.

die nederige begin in 1908 kan ons ook sê: „My erfenis is vir my mooi.”

Prof. Rautenbach het verder vertel dat hy nog by drie van die oorspronklike vier professore klas geloop het nadat hy in 1919 as student aan die T.U.K. ingeskryf is. Een daarvan was prof. Reinink, Nederlander van geboorte, „die enigste persoon wat ek geken het wat gelyk het soos ’n professor en ook ’n professor was.” Hy het gelyk soos Schopenhauer, die groot pessimis — maar Reinink was nie ’n pessimis nie. Die ander was prof. A. C. Paterson, oorspronklik van Skotland, wat as een van Milner se kindergarten na Suid-Afrika gekom het. Hy was besonder begaaf, veral op die gebied van tale — „ek het by hom Hebreeus geloop”. Die derde was prof. D. F. du T. Malherbe, gebore Afrikaner, wat Chemie doseer het. Sy klasse teen twee-uur in die middag in die bedompige lesingsaal agter in die ou Letteregebou, het spreker altyd laat dink aan die gesangvers: „Steek hem de hete middagzon in ’t moerbeidal”. Prof. Malherbe, met sy sterk Bolandse aksent, was ’n groot kampvegter vir Afrikaans. Hy lewe nog en woon tans in Klein Brakrivier, waar hy hom besig hou met genealogie en die chemie blykbaar vergeet het.

Die vierde hoogleraar wat in 1919 nie meer aan die T.U.K. was nie, was prof. Purves. Hy het die land gedurende die Eerste Wêreldoorlog verlaat om te gaan aansluit, en na die oorlog hom in Skotland gaan vestig.

„Ons is dankbaar dat die klein dinge tot groot dinge uitgegroeï het,” het prof. Rautenbach gesê. Hy het ook daarop gewys dat die Universiteit van Pretoria ook die erfgenaam is van ses eeuë universitêre tradisie, ’n erfenis wat ons deel met die hele wêreld, waar universitêre inrigtings ook mag wees. Elke land se universiteite vorm ’n deel van die universele universiteitsgeskiedenis.

Hierna het prof. Rautenbach afgesluit met die woorde: „Dit is nou vir my ’n besondere eer om hiervandaan te gaan na die plek waar die plaat aangebring is om dit te onthul.” Daarop is die gedenkplaat onthul.

Redaksie.

TOESPRAAK

VAN DR. N. A. COETZEE (VOORSITTER GENOOTSKAP OUD-PRETORIA)
BY GELEENTHEID VAN DIE ONTHULLING VAN DIE GEDENKPLAAT BY
KYA ROSA OP 2! OKTOBER 1968

NAMENS die Genootskap Oud-Pretoria verwelkom ek u almal by hierdie heuglike plegtigheid, in besonder professor C. H. Rautenbach, Rektor van die Universiteit van Pretoria, meneer M. C. Erasmus, Direkteur van Hoër Onderwys, meneer W. de V. Warren, Afdelingsinspekteur van Arbeid

wat tans die gebou beheer en lede van die Genootskap Oud-Pretoria wat die inisiatief vir die oprigting van hierdie gedenkplaat geneem het, belangstellende vriende, dames en here.

Die Genootskap Oud-Pretoria is in 1948 gestig met die doel om die historiese verband van ons stad, die hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika, vir die nageslag te bewaar.

Die beleid van die Genootskap is om gedenkplate aan te bring waar geboue van historiese belang staan of gestaan het, met vermelding van die veranderinge wat oor die jare plaasgevind het, om sodoende die huidige geslagte bewus te maak van die hegte fundamente waarop die hede en die toekoms gebou word.

Nie dat ons altyd in die vermoë is of van sienswyse is dat 'n sekere historiese gebou bewaar moet word nie — dit is die werk van die Historiese Monumente Komitee. By die slooping van 'n gebou kan die gedenkplaat egter op 'n toekomstige gebou op dieselfde plek oorgeplaas word, sodat die verlede nie vergete mag word nie—sodat die historiese landmerke in herinnering gehou mag word, indien dan nie materieel nie, dan wel in die gees van die volk wat bly voortbestaan.

Die Genootskap het reeds gedenkplate by die ingang van die Ou Raadsaal (Ou Provinsiale Gebou) en Paleis van Justisie aangebring. Ons plaas die plaat gewoonlik aan die regterkant van die vooringang. Dit word doelbewus so gedoen, dit laat die Historiese Monumente Komitee vry om hulle plaat aan die linkerkant aan te bring; indien hulle besluit om so 'n gebou tot 'n historiese monument of gedenkwaardigheid te verklaar. Die linkerkant word deur hulle gereserveer.

Hierdie gebou Kya Rosa is 'n historiese gebou. Die derde gedenkplaat word hier aangebring. Die Ou Raadsaal en Paleis van Justisie is materiële simbole van ons staatkundige en regterlike erfenis. Hierdie nederige gebou Kya Rosa is die simbool van 'n geestelike erfenis waarvan die omvang nie so maklik beskryf of bedink kan word nie.

In hierdie nederige gebou is die eerste klasse van die Universiteit van Pretoria aan die eerste studente, deur die eerste lektore en professore gegee. Hier het die lig van die gevorderde kennis begin uitstraal, 'n lig wat met die jare al helderder en ruimer bygedra het tot die vorming van ons huidige beskawing in Suid-Afrika. Die studente van 'n universiteit is die leiers van die volk van môre. Van hier het die stroom leiers sy oorsprong — dit was maar 'n klein stroompje die eerste paar jare — maar dit het deur die jare (60 jare) aangegroeï tot 'n magtige stroom — 'n magtige faktor in ons volkshuishouding as ons dink aan die mate waartoe ons samelewing, ekonomie en maatskaplike instellings op die skouers van eertydse studente van die Universiteit van Pretoria rus.

Daarom word hierdie Gedenkplaat vandag aangebring, op hierdie historiese plek, waar die Universiteit van Pretoria sy oorsprong in 1908 gehad het.

Aan hierdie plek is die name verbonde van persone wat diep spore in ons geskiedenis getrap het. Ek noem net 'n paar en wil hulle nagedagtenis hier in eervolle herinnering bring. As persone doen ons elkeen ons klein deeltjie in die huidige, die geskiedenis oordeel egter of dit van belang was. Die bydrae van die volgende persone is nie vergeete nie — Generaal J. C. Smuts, destydse koloniale sekretaris, J. E. Adamson, J. G. van Boeschoten, J. de V. Roos, F. B. Smith, H. P. Veale, Tielman N. de Villiers, J. W. Wessels, H. L. Malherbe, Pieter I. de Kock en E. F. Bourke. Ons gedenk ook hierdie persone in sommige van ons straatname.

Ons verwelkom hier as spreker meneer W. W. Haak, wat een van die weinig oorlewende eerste studente in 1908 was. Hy verskyn op hierdie foto wat u in die program afgedruk vind as 'n jong student van 16 jaar. Verskoning is ontvang van meneer Eben Swemmer wat ook 'n student in 1908 was, en wat ongelukkig nie die funksie kan bywoon nie. Mej. T. Faure een van die eerste damestudente word hartlik verwelkom. Professor A. J. T. Janse wat in 1909 as lektor diens gedoen het maak verskoning vir sy aanwesigheid weens hoë ouderdom.

Ons bedank die Rektor en Raad van die Universiteit van Pretoria en sy skakelafdeling wat die funksie gereël het, in besonder mnre. C. H. Celliers en G. Lourens en professor F. J. du T. Spies. Die Departemente van Arbeid en van Openbare Werke word bedank vir hulle hulp en medewerking veral menere van Eeden, Moller en Stevens.

Die geskiedenis van hierdie terrein wat nie op die gedenkplaat aangebring kan word nie sal gepubliseer word vir algemene inligting.

Ek versoek meneer W. Haak om aan ons een en ander van die eerste jare van die Universiteit te vertel. Daarna sal professor C. H. Rautenbach die huldigungsrede voer en die onthulling van die gedenkplaat waarneem.

U word hartlik bedank vir u teenwoordigheid.

VOORGESKIEDENIS

VAN TERREIN WAAR KYA ROSA STAAN EN DIE GEDENKPLAAT IN OP 21-10-1968 DEUR DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA IN SAMEWERKING MET DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA AANGEBRING IS

HIERDIE terrein, Skinnerstraat 270, erf 613, was volgens 'n dorpsplan van 2-3-1859 gedeelte van 'n terrein bekend as No. 8 van Blok O. Dit het toe aan president M. W. Pretorius behoort en was deel van die oorspronklike plaas Elandspoort.

Op 28-9-1860 word die erf verkoop aan Andries F. du Toit wat die vorige jaar as eerste landdros van Pretoria afgetree het. Op 16-8-1872 word

dit aan William Patterson vir £6 10/- verkoop. Op 27-6-1881 kom dit in besit van E. H. Clarke en vind 'n onderverdeling plaas. Die gedeelte waarby ons belang het verwissel verder soos volg van eenaars. Op 20-10-1866 aan Herbert T. Wyon en op dieselfde dag weer aan F. B. Tobias. Op 27-3-1889 aan Sara Susanna Celliers, op 27-10-1892 aan Gertrude Langermann, op 14-9-1893 aan Maria Partridge Nel en op 6-9-1895 aan Leo Weinthal, bekende joernalis en eenaar van „The Press”. Hy het hierdie huis laat bou en dit na sy vrou Rosa vernoem. Op 8-7-1902 word die eiendom oorgedra aan die „Colonial Secretary of the Transvaal” en gereserveer vir opvoedkundige doeleindes. Op 16-2-1904 is dit oorgedra aan die „Secretary of Lands” en sedertdien het dit in besit van die Staat gebly.

Op 10 Februarie 1908 het die klasse van die Universiteit van Pretoria alhier in aanvang geneem. Vanaf 1909 tot 1915 het Kya Rosa as studentekoshuis diens gedoen.

Die erf grens aan die agterkant aan 'n ander historiese terrein, Schoemanstraat 271, erf 564, wat met die ontstaan van die Universiteit van Pretoria as manskoshuis diens gedoen het. Daar bestaan ook 'n ou foto hiervan, opgeneem in die geskiedenisboek van die Universiteit van Pretoria „Ad Destinatum”. Hierdie terrein het ook in 1902 uit die besit van Leo Weinthal na die staat oorgegaan, gereserveer vir publieke doeleindes. Die voorgeskiedenis is soos volg: op 9-8-1866 gaan dit uit die boedel van J. H. M. Struben oor aan Annie Elizabeth Jackson, op 10-1-1870 aan Harriet Kirsten, op 28-8-1872 aan Andries Carel Blankenberg, op 13-2-1873 aan Charles Evans, op 27-8-1877 aan Albert Brodrick en George P. Moodie gesamentlik, op 6-7-1880 aan Charles Andries Celliers, op 17-10-1892 aan Gertrude Langermann, op 14-9-1893 aan Maria Partridge Nel en op 13-11-1896 aan Leo Weinthal wat die gebou wat tans daar staan waarskynlik opgerig het en sedert 1908 bekend is as Kya Lami.

Kya Rosa en Kya Lami.

—DR. N. A. COETZEE

ONTHULLING VAN GEDENKPLAAT

TOESPRAAK VAN MNR. W. W. HAAK — 1908 STUDENT.

Dames en here

U wat die onderwysgeskiedenis van die Transvaalse Republiek ken sal weet dat daar uit verskeie oorde en, deur verskillende onderwysmanne pogings gekom het om in Transvaal 'n setel vir Hoër Onderwys te stig. Pretoria was die beoogde setel vir meer as een wat hom vir die saak bewyter het. Tog was vir vooraanstaande ingesetenes Middelburg — Transvaal natuurlik — die ideale plek. Op grond van ligging, klimaat en goeie sedes

van hierdie Transvaalse dorpie word die Regering in 1889 versoek om daar 'n universiteit op te rig omdat „eene eenvoudige plaats” soos hulle dorp, verkieslik is bo die „grootte steden” soos Pretoria, Heidelberg, Johannesburg en Potchefstroom „waar te veel aanbieding wordt gegee voor jonge mense om van het pad der deugd weg te dwalen”.

Een na die ander van die vroeë pogings om professore uit die buiteland te kry om na „landsaard en volksbehoefte” op te lei, het misluk. Al die planne was egter bestem om in die vlamme van die Anglo-Boere-oorlog op te gaan.

Nog voor die einde van die oorlog, reg aan die begin van die 20ste eeu, was daar talle pogings om die onderwyswiel aan die rol te sit. Die „Transvaal Technical Institute” wat setel in Johannesburg, het vroeg sy beslag gekry en hierdie naam is op 7 Julie 1906 amptelik vervang deur die „Transvaal University College” — 'n naam wat binne enkele jare baie groter betekenis vir Pretoria sou hê.

Die man wat hier die groot rol gespeel het, was generaal J. C. Smuts wat in Maart 1907 Koloniale Sekretaris geword het in die Transvaalse Kabinet van generaal Louis Botha.

Smuts het die portefeulje aanvaar met die vaste voorneme om, onder andere, die letterkundige en die wis- en natuurkundige vakke van die Transvaalse Universiteitskollege wat, volgens sy verslae, in Johannesburg gekwyn het na Pretoria te bring. Hy betreur dit dat Transvaal se kinders wegtrek na ander provinsies as hulle die laerskool deurloop het.

Uit sy opspraakwekkende toespraak op Boksburg in Maart 1907 haal ons soos volg aan:

„Zijn idee was hier een ras te zien opgroeien gehegt aan het land, een ras dat zijn denkbeelden had ingedronken van Transvaalsche bodem, waarop zij allen trots waren, en hij kon niet inzien waarom onze kinderen naar een ander deel van Zuid-Afrika gezonden moesten worden of ergens elders om hun opvoeding te volmaken.”

En byna was die hoofsetel van die Transvaalse Universiteitskollege as geheel op die plaas Frankenwald, tussen Johannesburg en Pretoria, gevestig. Die £200,000 en 'n plaas wat uit die testament van Beit vir die doel nagelaat is, was nie te versmaai nie.

Generaal Smuts het dit egter as wenslik beskou hoër onderwys in Transvaal in drie te verdeel:

- (a) Tegnologie en Mynwese in Johannesburg
- (b) Landbou op Frankenwald en
- (c) in Pretoria „The Literary Courses and Science Courses, such as

are prescribed for the B.A. and higher degrees of the Cape University”.

Want so het hy dit aan die Direkteur van Onderwys op skrif gestel:

„The root-idea of the scheme, is to carry on the different sides of the work at the centres where they would be most likely to attract the largest number of students, and where the educational conditions are most favourable, and at the same time to preserve through a common institution and a common council unity of educational aim and effort.”

Daar is kennis geneem van die feit dat Beit se eksekuteur nie genoeg geneem het met Frankenwald bloot as landboukollege nie. Die £200,000 uit die boedel van Beit het dus nie beskikbaar geword nie maar Smuts het, op tipes outokratiese manier, voortgegaan om sy planne deur te voer. Hy het die vestiging van die T.U.K.-klasse in Pretoria eiehandig en alleen deurgevoer.

Kya Rosa, waaroor dit vandag gaan, en waar ek nou staan, is die plek waar die Universiteit van Pretoria op so 'n nederige wyse gebore is. Die grond (erf 613) is, volgens die gedenkboek „Ad Destinatum” van die Universiteit van Pretoria, in 1895 gekoop deur Leo Weinthal, die Joodse joernalis wat redakteur was van „The Press” in Pretoria. Weinthal het Kya Rosa na sy huwelik gebou en na sy eggenote vernoem.

Gedurende 1908 is alleen Kya Rosa vir lesings gebruik. In die gebou het die eerste sekretaris van die Pretoria Standing Committee, mnr. D. G. Hafner, ook daardie jaar die pligte van 'n registrateur verrig.

Ek onthou mnr. Hafner nog baie goed. Hy was 'n werksesel en hy het hom in meer as een opsig afgesloof vir die nuwe vesting vir hoër onderwys. Die persone wat my egter die helderste voor die gees staan is die eerste vier professore van 1908. Tot u beskikking vind u hier vandag — party van u het dit miskien al seker gesien — 'n foto met name bekend van die eerste twee-en-dertig studente van die T.U.K. en sy dosente voor hierdie gebou afgeneem. Baie van hulle leef vandag nog en enkele se name is nie vir ons meer bekend nie. Een ding is seker dat almal van ons op die foto wat nog lewe, sedert die foto geneem is, 60 jaar ouer geword het. Ons is dankbaar om nog gespaar te bly.

Maar laat my toe om iets te sê oor elkeen van die vier professore wat almal op daardie foto verskyn. Ons neem hulle van links na regs. In die tweede ry, vierde van links sit Professor I. Purves, 'n egte Skot, ook in die uitspraak van sy moedertaal. Hy was verantwoordelik vir die dosering van Engelse taal en letterkunde. Ek onthou nog goed hoe hy eendag uitgewei het oor die goue eeu van die Engelse Letterkunde (\pm 300 tot 400 jaar gelede) en hoe daarna in besonder die digkuns sodanig verswak het dat een

van die destydse digters die versugting geslaak het; For not to one in this benighted age is that diviner inspiration given, which dwells in Shakespeare's or in Milton's page, *The Pomp and Prodigality of Heaven*. I want you especially to note the alliteration in that powerful last line: *The Pomp and Prodigality of Heaven*.

Langs Purves sit Professor H. Reinink wat aangestel is in die pos: „Dutch and other modern languages” — met sy lengte van enige duime meer as 6 voet was hy 'n man met 'n statige, imponerende voorkoms wat steeds Nederlands bly spreek het.

Ten tyde van die Zuid-Afrikaanse Republiek was hy rektor van die Staatsgimnasium vandat dit in 1897 geopen is in die gebou wat nou nog op die hoek van Proes en Bosmanstraat staan, totdat die gimnasium na die uitbreek van die Anglo-Boere-Oorlog teen die einde van 1899 gesluit is.

Dit was op die eerste verdieping van dieselfde gebou waar die lesings van die T.U.K. gedurende 1909 gehou is.

En dan langs hom Professor A. C. Paterson, 'n besondere figuur onder die dosente — 'n joviale en geniale Skot. Met sy rooierige kenbaardjie en yl hare het hy onder sy vriende die bynaam „Captain Kettle” gekry 'n karakter uit 'n destydse romanreeks van populêre aard. Paterson was 'n geesdriftige sportman en veral onder die rolbalspelers het hy bekendheid verwerf as 'n populêre, geesdriftige spreker; al heel toevallig het dit so gebeur dat hy ongeveer 45 jaar gelede president was van die Pretoria City Rolbalklub, wat sy bane op die Loftus Versfeld sportterrein het, terwyl Professor Koos Faure en ekself later lid geword het van dieselfde klub.

Die vierde professor, die man met die pet op is professor dr. D. F. du Toit Malherbe gepromoveerde in die Chemie. Die lesings in hierdie vak is gehou in die laboratorium van die alombekende Staats Model School, op die hoek van die Van der Walt en Skinnerstraat, wat destyds die tuiste was van die Pretoria Boys' High School. Behalwe Chemie was hy ook verantwoordelik vir die onderrig in Fisika, Geologie en Wiskunde. Al vier die professore moes buite hulle vakgebied doseer en die gesegde het in Pretoria ontstaan dat die eerste vier professore in Pretoria geen „chair” beklee nie maar wel 'n „settee”.

Langs hierdie weg wil ek as een van die eerste groep wat in 1908 by Kya Rosa begin het hulde bring aan vier groot meesters wat ook my lewe verryk het. En ek wil u, die Voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria, en die lede van u komitee bedank vir die eer wat u my aangedoen het om vandag iets te sê by 'n plaatonthulling wat groot herinnerings vir my en vir sommige van u terugroep. U doen my eer aan.

Die Straatname van die Pretoriase Voorstad Danville

OP 28 Februarie 1946 het die Stadsraad die navolgende besluit geneem na aanleiding van die hierna aangehaalde Onderkomiteeverslag oor die vernoeming van strate in Danville:-

“The appointed sub-committee has reconsidered the question of the naming of the streets in Danville and is of the opinion that instead of the flower names previously suggested, the names of prominent Rugby Springbok players of earlier years should be given to the streets and avenues in Danville.

The following names are submitted for the Committee’s consideration

Albertyn	Dormehl	le Roux	Strauss
Ashley	Dietlof	Ledger	Stegmann
Boyes	Delaney	Marsburg	Scott
Barry	du Plessis	Morkel	Shum
Braine	Ellis	Millar	Scholtz
Bisset	Ferris	Markotter	Townsend
Burmeister	Heatlie	McHardy	Versfeld
Cope	Hahn	Mills	van Renen
Cloete	Hepburn	Mostert	van Ryneveld
Carolin	Immelman	Mellish	van Vuuren
Cronje	Jones	Michau	van Broekhuizen
Clarkson	Jackson	Neill	van der Hoff
Duff	Japie Krige	Osler	van Rooyen
Dobbin	Knight	Powell	Wrentmore
Daneel	Loubser	Paul Roos	Wepener.”
de Villiers	Luyt	Raaff	

RESOLVED:

- (a) That subject to the approval of the Surveyor General and the Postal Authorities, the streets and avenues in Danville be named after prominent Springbok Rugby players of earlier years, in accordance with the foregoing list of names, and that the name “Danweg” be given to the main street in Danville.
- (b) That the foregoing decision be conveyed to the Northern Transvaal Rugby Union for information.

Van die voorgestelde name is Mostert, Powell, Scott, Van Vuuren, Van

der Hoff, Van Rooyen en Wepener weggelaat, terwyl Brewis, Kenyon en Viviers se name tans (volgens die jongste kaart in die straatname van Danville verewig is.

Oor die vernoemdes as mens is die gegewens geensins so geredelik bekombaar soos hul rugprestasies nie, maar met verloop van tyd sal dit wel in Pretoriana geboekstaaf kan word. Hier en daar vind 'n mens inkonsekwensies wat die spelling van sekere name betref (bv. Marsburg of Marsberg; Van Reenen of Van Renen; Dietlof of Dietlef of Deetlof of Deetlef — natuurlik die voornaam vir D. Maré).

Allereers dan 'n lewenskets van die persoon wat nie alleen self 'n groot „Rugbyman” was nie, maar talle Rugbyspringbokke „gemaak” het, naamlik, AUGUST FRIEDRICH MARKOTTER, bygenaamd „Oubaas Mark”

Hy is op 10 Junie 1878 in die Langkloof op die Haarlemsendingstasie (die destydse Anhalt Schmidt) gebore. Hy was die derde seun en kind van Christoph Heinrich Markotter en Mari Henriette (geb. Beuster) wat albei uit Duitsland na Suid-Afrika geëmigreer het en later getroud is en hulle hier metterwoon gevestig het. (Christoph het op 3 Desember 1893 te Humansdorp aan 'n perdekarongeluk gesterwe en is aldaar begrawe; terwyl Henriette wat in 1896 hertrou het, op 5 Junie 1932 oorlede is.)

Toe August 5 jaar oud was, gaan hy skool op Haarlem; van 1885 tot 1891 is hy op Uniondale, waar hy sy „Elementary” (St. VI) slaag met „great honours”.

Vanaf Junie 1891 leer hy onder die bekende mnr. Stucki op Blouvllei. Die hele klas van 8 slaag almal „School Higher” en hy was een van die drie eersteklasse. Daarna stuur sy vader hom na George om aldaar sy „School Higher” te herhaal. (Hy was toe 14 jaar oud en sou dus op 16 jaar sy „Middle Class Teacher's Diploma” al kon verwerf het, maar nie toegelaat gewees het om onderwys te gee nie.) Oor sy herhaling van die „School Higher” het hy na 'n tyd „op strike gegaan”, en in April 1893 is hy na Stellenbosch waar hy in 1895 die Intermediêre eksamen aflê en aangaan met die B.A. in Wiskunde en Natuurwetenskap. Hy behaal sy graad in Julie 1898 en gaan dan as onderwyser na die Gimnasium-hoërskool, Paarl. (Hier gee die jong onderwyser onder andere privaatklasse aan 'n skoolmeisie, nl. Miemie Lombard wat toe die enigste leerling van La Rochelle, Paarl, was wat daardie jaar in Wiskunde geslaag het — later sou sy sy eerste vrou word.)

Na 9 maande word August kandidaat-prokureur by die Firma Faure en Van Eck, en ná nog 2 jaar en 9 maande voltooi hy die laaste deel van sy prokureursopleiding te Kaapstad.

In 1901 is hy klaar en gaan op Wellington praktiseer tot in 1903